SENDING VOLGENS DIE BOEK OPENBARING

Veertig samevattende stellinge uit die pas gepubliseerde boek van dr. J. du Preez: DIE KOMS VAN DIE KONINKRYK VOLGENS DIE BOEK OPENBARING.

Die boek ('n beygewerkte hersiening van sy ongepubliseerde D Th-verhandeling van 1968) is gepubliseer in die reeks ANNALE van die Univ. van Stellenbosch, 1979, en is teen R5 direk van die Universiteitsbibliotekaris verkrygbaar, of anders d.m.v. die N.G. Kerk-Boekhandel, Kaapstad; of T. Wever, Stellenbosh.

1. Die openbaring in die laaste boek van die Bybel het gekom in 'n taal wat op 'n besondere wyse rekening gehou het met die kulturele agtergrond en tydsomstandighede van die gemeentes in Klein-Asië. Daar is egter nie genoegsaam grond vir die mening van J. de Zwaan dat Openbaring 'n sendingboek in dié sin is dat dit uitdruklik geskrywe is om die alles-ortreffende grootheid van Jesus Christus teenoor allerlei figure uit die Persies-Chaldeeuse astraalmitologie aan te toon nie.

2. God openbaar hom in Christus as Koning van sy volk in die weg van die verbond.

3. Gods verbondsheerskappy is universeel, omdat hy hom in die weg daarvan betoon as Heer van die geskiedenis, d.w.s. as Heer van alle tye en alle magte.

4. Gods skeppingswerk en verlossingswerk deur die Seun dien, in die nouste samehang met mekaar, as regsgrond vir sy universele verbondsheerskappy.

5. Doel en vrug van Gods universele verbondsheerskappy in Christus is 'n universele volk uit alle volke en nasies en tale en stmme, d.w.s. 'n volk uit Jode en nie-Jode tesaam.

6. Die universele kerk word aan die een kant as die *strydende* kerk op aarde gesien: in die sewe gemeentes in Klein-Asië, in die honderd-vier-en-veertig-duisend Isrialiete van 7:1-8, en in die vrou van Openbaring 12; aan die ander kant as die *triomferende* kerk in die hemel, versinnebeeld deur die vier-en-twintig ouderling (4:4), die ontelbare skare van 7:9-17 en die honderd-vier-en-veertig-duisend op die berg Sion in 14:1-5, terwyl die name van die twaalf stamme van Isreal in 21:12 en dié van die twaalf apostels in 21:14 moontlik elk afsonderlik aan die verheerlikte volk van God uit alle nasies wil herinner.

7. Die universele bondsvolk is 'n vóórtsetting van die ou bondsvolk vir sover as wat die oue 'n Isreal na die Gées was, en 'n vervanging van die ou bondsvolk vir sover as wat die oue slegs 'n Isreal na die vlées was en nog is.

8. Soos elders in die Skrif, hanteer ook Openbaring die begrip *nasies (ethne)* in sy godsdienstig-etiese en heilshistoriese betekenis, eerder as in sy "nasionale" betekenis.

9. Wat hierdie bedeling betref, laat Openbaring blyk dat daar binne die een Godsvolk deur alle etniese verskeidenheid heen gesny word sonder dat sulke verskeidenheid misken word.

10. Wat die voleinding betref, laat die laaste boek ons 'n herstelde menslike geslag sien in die een verheerlikte volk van God, gekenmerk deur unieke verskeidenheid en volmaakte eenheid en harmonie in die aanbidding van God, maar sonder dat hiermee vasgestel is of dáár nog van nasies in etniese sin sprake sal wees.

11. Al die fisiese en kosmiese gerigte wat tussen die koms en wederkoms van Christus oor die wêreld gaan, moet as *genaderigte* gesien word, as die Here se tussentydse regsgeding met die nasies, wat ten minste deels ten doel het om elke volk en enkeling tot 'n finale beslissing te bring vir of téén God.

12. In die visioen van die ruiter op die wit perd (6:1-2) en die engel met die ewige evangelie (14:6) word, binne die raamwerk van Gods genadegerigte (6:3-8, 14:7-13), die volle evangelie van Jesus Christus beluister. Só word die gerigte vir die nasies teosentries-christologies geïnterpreteer, sodat hulle des te meer sonder verontskuldiging kan wees.

13. Die boekrol van Openbaring 5 kan nader omskrywe word as God se raadsplan m.b.t. die koms van sy koninkryk in die daarstelling, suiwering en bewaring van 'n Godsvolk uit alle nasies te midde van, en self déúr middel van, sy genadegerigte oor al die vyande van die Godsryk.

14. Die roeping van die kerk bestaan in 'n diens *(douleia)*, wat nader ontvou word in 'n *marturia*, 'n getuie-wees vir Jesus Christus dáár waar die gemeente woon (vgl. die sewe gemeentes), en voorts ander aale nasies, soos blyk uit die twee getuies van Openbaring 11.

15. God roep sy volk tot getuienis op in sy regsgeding met die volkere, sodat hulle getuienis *(marturia)* 'n sterk jurisdiese karakter dra.

16. Teenoor God kom sy volk se getuienis op 'n lofuiting neer, teenoor die nasies op 'n geloofsbelydenis wat die ongeloof veroordeel en tot ommekeer oproep.

17. Die getuienistaak van die kerk in die wêreld is eweseer 'n getuienistaak onder die ou bondsvolk van God.

18. Die uitdrukking in 1:6: " 'n koninkryk, priesters vir sy God en Vader" (vgl. 5:9) open verder perspektiewe vir die diens van God se volk in die wêreld, en daarmee vir hul getuienistaak.

19. Dat die kerk tot 'n koninkryk van priesters "vir sy God en Vader" gemaak word, beteken dat hy beslis veel meer is as net kerk-vir-die-wêreld maar dat kerk-vir-die-wêreld-wees nogtans 'n wesenlike deel van sy bestaan is, omdat God die Vader hom in Christus Jesus as God-vir-die-wêreld geopenbaar het. Na die mate wat die kerk dus waarlik vir God leef, sal hy waarlik kerk vir die wêreld kan wees, sonder om ooit kerk ván die wêreld te word.

20. Die uitdrukking " 'n koninkryk, priesters" hou in dat God se volk nou reeds meer as oorwinnaars is, maar dan deur die offer heen, d.w.s. deur die erkenning van God se koningsheerskappy oor hul lewe.

21. Met betrekking tot die getuienistaak van die kerk beteken dit dat, juis in priesterlike onderworpenheid aan en dus gemeenskap met die Lam, wat in die weg van sy volmaakte offergang die koningskap aanváár het, die kerk waarlik koninklik in sy wese is, en só waarlik getuies van die Koning onder al die nasies van die wêreld.

22. Die priesterlike offer van totale selfoorgawe áán God in Christus hou òòk die woordgetuienis námens God in die wêreld in, lyding ter wille van Hom, en die offer van gebed, van smeking en voorbidding, dank en lof tót hom.

23. In die twee getuies van Openbaring 11, wat na alle waarskynlikheid die kerk as geheel versinnebeeld, word die getuienis van die kerk teenoor die nasies in hierdie omvattende sin gesien as 'n getuienis met die lewe en die woord, deur lyding en deur gebed.

24. In die taal van Openbaring duur hierdie getuienis 1260 dae, wat simbolies is van die tyd tussen die eerste en die wederkoms van Christus.

25. Om getuie van Jesus te wees hou nie *noodwendig* die marteldood in nie, maar wel beslis die bereidheid van die getuie om sy getuienis met sy bloed te verseël.

26. Hoe seer die kerk ook al na 'n goeie verstandhouding tussen kerk en staat en kerk en samelewing mag verlang, moet dit altyd gereed wees om verdrukte kerk *(ecclesia oppressa)* te wees, eerder as om staat (vgl. Pergamus) en samelewing (vgl. Thiatire) na die mond te spreek in enigiets wat teen die Woord van God indruis.

27. Omdat die kerk sy getuienistaak in 'n sondige en dus wesenlik vyandige wêreld moet volbring, gaan sy getuienis wesenlik met die opneem van 'n kruis gepaard, en is lyding daarom deel van sy getuienis.

28. Hoewel die kerk nie van gewelddadige middele gebruik maak om die boodskap van die Koninkryk te bring nie, moet hy dus nogtans bereid wees om ter wille van hierdie boodskap gewelddadige optrede téén hom te verduur.

29. Openbaring 8 laat die gebede van die kerk, gegrond in die verlossingswerk van Christus, sien as een van die magtigste middele van die Here in sy regsgeding met die nasies.

30. Omdat ware lofsegging wesenlik die eer aan God gee, is die kerk in sy getuienistaak onder die nasies onoorwinlik na dié mate waarin sy getuienis in die teken van die loflied staan.

31. Waar die kerk sy priesterlike funksie reg verstaan, sal daar gedurende die ganse tussentyd — die tyd tussen die eerste en tweede koms van Christus — 'n kragdadige getuienis van die Kerk in die wêreld uitgaan.

32. Die visioene van die universele, triomferende kerk in die voleinding (7:9-17, 14:1-5, 21:1-22:5) het, missionêr gesien, die doel om die strydende kerk op aarde in sy getuienis *(marturia)* onder die nasies te staan, wetende dat hierdie visioene in die volbragte werk van Christus in kruis en opstanding gefundeer is, en dus deel vorm van die heerlike toekomswerklikheid van die Gekomene wat kom.

33. Die Koning van die kerk is steeds gereed om, kragtens sy genadeverbond, met sy eie volk in die gerig te tree (vgl. Openbaring 2-3), wanneer hierdie volk sy omvattende getuienis teenoor die wêreld versaak.

34. Alle getuieniswerk van die kerk word ook binne die eskatologiese raamwerk van die telkens en dringend herhaalde verbondsaankondiging van die Koning gelewer (3:11, 22:7, 12,20): "En kyk, Ek kom gou."

35. Die gemeente in Filadelfia toon dat die volhardende wag op die koms van die Gekomene te midde van drukkende omstandighede die kerk nooit passief in die wêreld maak nie, maar juis vul met onoorwinlike sendingywer.

36. Openb. 22:17 maak duidelik dat, hoe kragtiger die gemeente se vertikale roep om die koms van die Bruidegom is, d.w.s. om die koms van sy koninkryk, des te kragtiger sal die horisontale roep wees wat daar tot elke dorstende mens uitgaan om die water van die lewe te neem, verniet.

37. Die hart van die voleindigde Godsryk klop in voleindigde verbond, en die hart van die voleindigde verbond klop in God se gemeenskap met sy volk uit alle nasies.

38. Die ryk van God kon primêr op uit 'n *missio Dei*, wat saamgevat word in die Godswoord vanaf die troon: "Kyk, Ek maak alle dinge nuut!" (Openb. 21:5).

39. Die sending van die kerk in die wêreld *(die missio ecclesiae)* sluit voor alles die oproep tot bekering in; maar omdat die voltooide ryk van God ook 'n nuwe aarde insluit, moet die kerk die boodskap van die Ryk, hier en nou, vir alle lewensterreine uitspel.

40. Net soveel klem as wat die boek Openbaring op die sending van God *(missio Dei)* in die koms van die koninkryk lê, soveel klem lê dit ook op die sending van die kerk *(missio ecclesiae)* — nie as twee mededingende grootheid nie, maar as twee kórresponderende grootheid, met die sending van die kerk gefundeer in dié van God. ★

'N GEOPENDE DEUR

"En skryf aan die engel van die gemeente in Filadelfia: Dit sê die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie:

"Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag, en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie.

"Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg — Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het" (Openbaring 3:7-9). ★